***UIT DIE PEN VAN DIE CEO (46/24)***
**(Volg my op X justchad_cga)**
*Justin Chadwick 15 November 2024*
***"Fast is fine, but accuracy is everything" Wyatt Earp***

## FINALE UITVOERSYFERS EFFENS AF NA 'N BAIE ONGEWONE SITRUSJAAR

In die 2024-uitvoerseisoen het Suider-Afrika se sitrusprodusente 164,5 miljoen 15 kg kartonne gepak vir uitvoer na wêreldmarkte. Alhoewel dit 600 000 kartonne minder as verlede jaar is, is die effense afname steeds 'n groot prestasie vir die sektor, gegewe die unieke veeleisende omstandighede waarmee produsente te kampe het.

'n Aantal onvoorsiene faktore het die CGA genoop om sy uitvoerskattings gereeld gedurende die jaar aan te pas. Die aanvanklike skatting vir totale uitvoere was 181,7 miljoen 15 kg kartonne. Die finale syfer is 9% kort hiervan.

Een van die mees prominente faktore wat uitvoervolumes beïnvloed het, was die hoë prys wat aangebied is vir lemoene wat vir plaaslike verwerking gestuur is. Precious Kunota, Besigheidsintelligensie- & Data-bestuurder by die CGA, verduidelik: "Sources in the juice industry reported a significant increase of between 60% to 80% in volumes of oranges processed at their facilities, compared to the 2023 season. It's estimated that about 6 million 15kg cartons of oranges, that is 7%, destined for exports, were diverted to juice plants."

Nog 'n faktor was die abnormaal warm en droë toestande in die middel tot laat somer periode, wat tot kleiner vruggroottes gelei het . Dit het beteken dat ongeveer 4% meer vrugte nodig was om dieselfde karton te vul as in die vorige jaar.

Nie minder nie as drie ernstige weerstoestande het ook 'n impak op uitvoere gehad. Vriestemperature in Limpopo, vloede in die Wes-Kaap (Citrusdal) en sterk winde wat vrugte in die Oos-Kaap laat val het, het gelei tot 'n afname in vrugte wat vir wêreldmarkte gepak is.

Dit is belangrik om daarop te let dat alhoewel uitvoer syfers vanaf 2023 effens afgeneem het, die hoeveelheid sitrus wat in Suid-Afrika geproduseer word, steeds toeneem. Daar word beraam dat altesaam 10,1 miljoen kartonne na plaaslike versapping herlei is en weens weerstoestande verloor is. In die lig hiervan is die CGA vol vertroue dat, as alle rolspelers bymekaar kom, ons langtermyn-groeidoelwit om 260 miljoen kartonne uit te voer en 100 000 werksgeleenthede teen 2032 te skep, haalbaar is.

Die finale syfers van wat in 2024 gepak is:

- Vanjaar is 14,3 miljoen kartonne (15 kg ekwivalent) **Pomelo's** vir uitvoer gepak. Dit is 300 000 minder as in die 2023-seisoen en is 14% minder as die aanvanklike skattings wat in April 2024 gemaak is.
- 41,6 miljoen kartonne **Mandaryne** is gepak, wat 'n noemenswaardige toename van 3,6 miljoen verteenwoordig sedert die vorige seisoen. Dit is egter 3% minder as die aanvanklike skatting.
- **Suurlemoene** het 'n afname getoon in vergelyking met beide die vorige seisoen en die skatting: 34,7 miljoen kartonne suurlemoene is in 2024 gepak, wat 9% laer is as die skatting en 1,1 miljoen kartonne minder as 2023.
- **Nawellemoene** wat vir uitvoer gepak is, het 'n toename van 400 000 kartonne vergeleke met 2023 getoon. Vanjaar is 25,1 miljoen kartonne nawels gepak, 'n afname van 2% vanaf die oorspronklike skatting.
- Altesaam 48,7 miljoen kartonne **Valencia-lemoene** is vanjaar gepak. Dit is merkbaar 4,7 miljoen minder as in die 2023-seisoen en is 'n aansienlike 16% minder as die aanvanklike skattings.

Hawedoeltreffendheid het die afgelope seisoen 'n ernstige bekommernis vir die sitrusbedryf gebly. Die laer as verwagte sitrusuitvoervolumes het piekvolumes by hawens dramaties verminder, wat druk op die houerterminale verlig het. Alle aanduidings is egter dat dit net 'n tydelike uitstel is in die druk op ons onderpresterende hawens, en sal nie hou nie. Volumes sal oor die volgende paar seisoene toeneem en as hawens nie verbeter en in staat is om dit te hanteer nie, gaan sitrusuitvoere en die breër ekonomie groot skade ly.

"The CGA is of the strong opinion that more public-private partnerships are needed urgently. Although the partnership between Transnet and International Container Terminal Services Inc. (ICTSI) on Durban Pier 2 has been delayed because of legal matters, there must be a renewed urgency to improve container terminals and unlock the economic potential of our ports," het Mitchell Brooke, die CGA se Logistieke Ontwikkelingsbestuurder, gesê.

Daar moet ook kennis geneem word dat die Europese Unie se onwetenskaplike en onnodig beperkende handelsmaatreëls op Sitrusswartvlek (CBS) en Valskodlingmot (VKM) steeds 'n dempende effek op uitvoere gehad het. Hierdie maatreëls verteenwoordig steeds 'n geleentheidskoste vir plaaslike produsente van R3,7 miljard. Suid-Afrika se historiese sake teen hierdie maatreëls by die Wêreldhandelsorganisasie vorder, en gaan middel Desember die volgende fase in die dispuutproses binne.